VOORWOORD

Predikante in transformasie

Natasha Bedingfield sing in "I Bruise Easily":

I bruise easily
So be gentle when you handle me
There's a mark you leave
Like a love heart carved on a tree
I bruise easily
Can't scratch the surface
Without moving me underneath
I bruise easily

Anyone who can touch you
Can hurt you or heal you
Anyone who can reach you
Can love you or leave you

So be gentle ...
I bruise easily

Die NG Kerk is midde in 'n Seisoen van Luister. En die dinge wat ons hoor in die koerante en tussen die predikante is besig om die hart van die kerk te roer. Die versoeking is groot om die stemme waarmee ons verskil, stil te maak, hetsy deur te verdedig of deur terug te val op vorige standpunte of deur die kerk te verlaat. Maar dan dwarsboom ons die doel van die Seisoen van Luister.

Want luister kan ons seermaak ... maar ook heelmaak.

Ons kan mekaar in en deur die luisterverhale verdoem ... of juis vind. En dít is die doel van dié seisoen!

Dit is só belangrik dat ons deur die pyn van (onder andere) die berigte in die media en die meningsverskille oor die besluite van kerkvergaderings steeds aktief sal bly luister. Ons het nodig om die stem van die Here in dit alles te kan onderskei, sodat ons sy roepstem hierin kan hoor en daardeur getransformeer kan word.

I bruise easily – so be gentle ...

'n Nuwe spiritualiteit is nodig in dié tyd – spiritualiteit in die gereformeerde sin van piëteit en dissipelskap. Dit moet mense help om nuut te soek na God en sy betekenis vir alle mense, nie net dié wat soos ek dink nie. Dit moet ons ook help om die deurleefde genade van God wat deur die eeue getrou gebly het, te bly bedien. Ons is immers nie al Christene wat al ooit met God 'n pad gestap het nie.

Om dit te kan doen, moet daar 'n leerbare gees in ons kerk wees wat onsekerhede kan hanteer, sowel as 'n oortuigde gees wat vastigheid kan gee.

Só 'n spiritualiteit moet Christelik wees en ekumenies (algemeen). Dit moet paradokse kan vashou (intellektualiteit sowel as mistiek, gelowige teologie sowel as teologiese geloof, persoonlike geloof sowel as die gemeenskap van gelowiges) en dit moet 'n praktiese verskil aan mense kan maak wat dit beoefen.

Die Presbiteriaanse pastor en geestelike begeleier Kent Groff noem dié spiritualiteit, 'n *aktiewe spiritualiteit* (*Active Spirituality*: 1993). Die *Apostoliese Geloofsbelydenis* wortel dit in die geloof in "*een, heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges*".

As daar een ding is wat ons as predikante en geestelike leiers mekaar skuld, is dit om mekaar vas te hou en nie te laat los in die proses van transformasie nie. Christina Landman skryf hieroor in *Die Beeld* (21/08/2005) dat van ons gevra word om met "*fierce tenderness*" teenoor mekaar op te tree. "*Dis dalk net wat ons samelewing nodig het:* ***radikale teerheid*** *teenoor liberales, fundamentaliste, gays, prostitute, mense op parool - of sommer net die bure langs jou wie se musiek jou irriteer.*"

Die evangelie is op die spel ... en ons sal saam die stem van die Here moet hoor. Lees in dié uitgawe wat predikante - uit 7 sinodes en uit NG en VG geledere - oor transformasie in ons konteks sê.

We bruise easily – so be gentle ...

Martin Wessels is 'n bekende skilder van Clarens-faam en bly nou in die Kouga by Joubertina in die Oos-Kaap. Mag sy Christus-figuur (voorblad) jou in dié tyd bybly en herinner aan die belofte in Hebreërs: "*Hy het in die hemel self ingegaan om nou ter wille van ons voor God te verskyn.*" (9:24)

En laat ons doen wat die brief vra: "*Laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid ... laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade ...*" (10:22, 24).

Chris van Wyk